DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

9.1

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Wimke Jurgens	
POSADRES	18 The Dene, Winchester Str, Somertrand	
E-POS	wimke@icetek.co.za	
FAKSNOMMER	041-3733837	
TEL. WERK	041-3733837	
TEL. HUIS	041-583 2344	
SEL.	083 4528 574	

	29/9/08

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) **(DATUM)**

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

MES is 'n bekende interkerklike, multi-kulturele, geloofs- en gemeenskaps organisasie wat tot op hede in Hillbrow en die stadskern van Johannesburg gewerk het met die vise om die hart van die stad te verander. MES het 'n holistiese en geïntegreerde bediening wat mense fisies, emosioneel en geestelik bedien. (Vir meer inligting oor MES sien www.mes.org.za)
MES het besluit om hulle bediening na o.a. Port Elizabeth uit te brei. MES sal voortaan Maranatha bediening bestuur en het 'n samewerkingsooreenkoms met die CMR in Port Elizabeth gesluit. MES is ook in die proses om 'n gebou in Noordeinde te koop.
Port Elizabeth het nie 'n geïntegreerde bediening vir die middestad nie en die ondervinding en vaardighede van die MES span het die potensiaal om bestaande bedienings en nuwe bedienings in 'n geïntegreerde en holistiese bediening in te skakel om die armes in Port Elizabeth baie meer effektief te bedien.
MES maak egter geen geheim daarvan dat sy nie sonder plaaslike gemeentes en organisasies kan opereer nie. Vrywilligers, geboue, finansies en gebed is voorbeelde van bydraes wat veral deur plaaslike gemeentes gemaak kan word. Die inkorporering van mense vanaf die 'strate' in plaaslike gemeentes kan ook 'n belangrike rol speel.
Die aktiewe ondersteuning en samewerking van al die gemeentes in die ring van Port Elizabeth (en selfs al die ringe in die stad, die VGK en RCA) sal 'n groot rol speel in die vinnige en effektiewe vestiging van MES en haar diensaksies in Port Elizabeth.
Die blote donasie van 'n paar duisend rand aan MES deur die ring van Port Elizabeth sal nie noodwendig 'n deurslaggewende verskil maak nie. (MES se begroting vanjaar beloop 28 miljoen Rand.) Dié faktor wat wel deurslaggewend kan wees om die gemeentes in die ring (en ander gemeentes) en MES op dieselfde weg te kry is die plant van die visie en missie van MES in die harte van die gemeentes. Dit sal volhoubare en effektiewe samewerking en ondersteuning verseker. 'n Eenmalige belegging hierin sal nie net 'n enorme hupstoot vir die lansering van MES in Port Elizabeth gee nie, maar ook 'n voortdurende effek op die samewerking tussen MES en die gemeentes hê.
Die beste wyse om die vissie en missie van MES in die harte van gemeentes te plant is om verteenwoordigers van die gemeentes aan die praktiese werk van MES bloot te stel sodat hulle die visie en missie kan sien en beleef. Daarom word voorgestel dat so veel as moontlik verteenwoordigers van al die gemeentes in die ring asook van die plaaslike VGK en RCA gemeentes MES in Johannesburg besoek om MES se visie en missie eerstehands in aksie te sien. Dit sal ook 'n geleentheid skep vir al die verteenwoordigers om te netwerk en saam te droom oor wat in Port Elizabeth kan gebeur.

MES het aangebied om die verteenwoordigers gratis van akkommodasie en etes te voorsien. Die enigste uitgawes sal dus reisgeld wees. Aangesien veral die kleiner en meer behoeftige gemeentes in die ring juis in die middestad geleë is en derhalwe sleutelrolle in die hele bediening sal speel, sal fondse benodig word vir die reisgeld van verteenwoordigers van veral hierdie gemeentes.
Elke gemeente sal aangemoedig word om ten minste twee (verkieslik meer) persone af te vaardig om die besoek mee te maak. Gemeentes sal poog om die reisgeld van hierdie persone so ver as moontlik self te betaal, maar kan aansoek doen dat hulle geheel of gedeeltelik gesubsidieer word deur die fondse wat vir hierdie ringsprojek goedgekeur is. Ander sleutel gemeentes (Soos die VGK en RCA gemeentes en ander strategiese gemeentes, bv. die DRBM in sentraal.) word op 'n soortgelyke wyse uitgenooi en ondersteun.
Dit is van uiterste belang dat die gemeentes wat ondersteun word hulle verbind tot 'n langtermyn verhouding met MES. Die spesifieke wyse van betrokkenheid sal natuurlik eers na die besoek duideliker word, maar indien gemeentes nie hulle weg oop sien om betrokke te raak nie, moet hulle nie verplig word om verteenwoordigers te stuur nie. Die persone wat hulle gemeentes verteenwoordig moet die leierskap van die gemeentes insluit asook mense met die roeping om by armoede en nood betrokke te raak. Die versoek om fondse sal derhalwe motivering vir die versoek moet insluit. 'n Projekspan met drie lede word voorgestel om die proses te bestuur en aansoeke om befondsing te oorweeg.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Fase 1: Stel projekspan aan	2 weke

Fase 2: Besluit op datums en finalisering van inligting wat aan gemeentes deurgegee gaan word.	1 week
Fase 3: Kerkrade en gemeentes word ingelig van die projek en versoek om dit biddend te oorweeg. Hulle besluit op wie hulle verteenwoordigers sal wees en tot watter mate hulle self kan bydra tot die reisgeld van hulle verteenwoordigers. Aansoeke vir fondse word aan die projekspan voorgelê.	2 maande
Fase 4: Aansoeke word oorweeg en terugvoer gegee	2 weke
Fase 5: Reisreëlings word getref en gekoördineer. Reëlings vir die besoek word met MES getref.	2 maande

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Saamstel en stuur van inligting aan gemeentes. Administreer aansoeke vir fondse en terugvoer aan gemeentes. Koördinering van reisreëlings, maak van besprekings en kommunikasie aan verteenwoordigers	Fases 3, 4 en 5

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
Reiskoste Dit is nie moontlik om presies te begroot nie aangesien dit nie nou reeds seker is hoeveel versoeke daar sal wees vir fondse nie en vlugte se pryse ook substansieel kan wissel. As R 1200 op 'n laekoste lugdiens egter as maatstaf gebruik word en aanvaar word dat 20 mense se reisgeld befonds moet word kom dit neer op 'n bedrag van R 24 000. 'n Bedrag van R 1000 vir vervoer vanaf die lughawe na die middestad behoort ook voldoende te wees.	R 25 000
VERBLYFKOSTE	
REKENAARUITGAWES	

SKRYFBEHOEFTES	R 500
DRUKWERK	R 500
TELEFOON	R 1 000
POSGELD	R 200
VERVERSINGS	
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF):	

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD: